INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr | Datum | Onderwerp | Knipsel nr |
|---|---|---|---|
| 0 0 3 5 | 1 1 2 2 6 2 0 1 | 086 | 1 0 3 1 1 |

Beeld Jg. 11 Nr. ...... P. 14 Dat. ......

# R30 miljoen aan eise ná geweld

EISE van sowat R30 miljoen is vanjaar ontvang deur die Suid-Afrikaanse Spesiale Risiko-Versekeringsgenootskap (Sasria), wat dekking verleen teen verliese en skade weens politiek geïnspireerde gewelddadige optrede.

Van die eise is reeds uitbetaal, het mnr. Warren Plummer, voorsitter van Sasria, in Johannesburg gesê.

Die uitbetaalde bedrag is "nie baie hoog nie". Sasria het premiegeld van meer as R100 miljoen en het geen probleme met uitbetalings nie.

Daar kan verwag word dat dié eise vanjaar nog sal verdubbel het mnr. Plummer gesê.

Sasria is in 1979 deur die Regering in die lewe geroep om dekking te verleen "teen verliese en skade weens gewelddadige optrede wat daarop gemik is om die bestaande politieke, maatskaplike en ekonomiese orde te beïnvloed of te ontwrig". Dit is 'n maatskappy sonder winsbejag.

Ingevolge dié unieke ooreenkoms is versekeringsdekking moontlik gemaak deur samewerking tussen die Regering en die private sektor. Die genootskap word beperk tot die geregistreerde korttermynversekeraars en die plaaslike verteenwoordigers van Lloyds in Londen.

TREFWOORDE

1. Sasria
2. Statistieke
3. Eise
4. Verliese
5. Geweldpleging
6.
7.
8.
9.
10.